Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, June 17, 2018
Page: 5

Maak jou liewer los van jou speenoud kinders

Nico van Gijsen

Ek kon nie help om te glimlag toe ek nou die dag lees van die egpaar wat hul 30-jarige seun met 'n hofbevel uit die huis moes kry nie.

Ek glimlag, want dit moes darem vir hom lekker in die huis gewees het. Maar ek dink ook aan die lang sielewroeging wat so 'n drastiese stap voorafsou gegaan het. Ouers is mos maar *suckers*. Nee, die lat was nie 'n dronklap of 'n ou vuiluil wat sy ouers verskree of aangerand het nie. Net te dêm sleg om op sy eie voete te staan. Pa en ma moet sorg.

En ek wonder: Hoeveel mense dink aan kinders as 'n finansiële risiko? Hulle is. Vandat hulle skreeuend en skoppend jou lewe kom verander, totdat hulle die dag finansieel op hul eie voete kan staan, is kinders 'n finansiële risiko. Maar ons weet dit en ons beplan daarvoor. Dis wat (goeie) ouers doen.

Ons doen dit met liefde. Ons doen dit deur lewensdekking te koop, deur te spaar vir hul studie en deur te spaar vir ons eie aftrede, sodat ons nie 'n las op ons kinders sal wees in ons oudag nie.

So loop my gedagtes toe ek die week 'n brief van 'n bejaarde egpaar lees wat 'n beleggingsplan soek vir te min geld. Jammer, maar die harde werklikheid is

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

as jy nie genoeg gespaar het nie, is daar niks wat ek of enigeen kan doen nie. Wat my egter getref het, was die laaste sin in die brief: Ons betaal maandeliks ook 'n bedrag geld aan ons dogter (lees ook seun, want ek kry baie sulke briewe), wat finansieel sukkel.

Laat my dink aan 'n Engelse akroniem: Kippers - Kids In Parents' Pockets Eroding Retirement Savings.

Min mense het genoeg gespaar vir hul jare ná aftrede. As jy dan nog, soos ek sien uit die briewe van lesers, vir sleg kinders ook moet sorg, is jou voorland finansiële ellende. Net soos wat daar nie 'n pil is vir domheid nie, is daar ook nie 'n produk vir hierdie soort van finansiële risiko nie.

Die drastiese aard van die hofbevel waarna ek hier bo verwys, laat my dink aan 'n motiveringspreker (noem hom maar Bob), na wie ek jare gelede geluister het, wat sy ryk erfporsie in Frankryk gaan blaas het. En toe hy platsak is, stuur hy vir sy ma 'n telegram: Please, Mom, send money, I am starving. Love, Bob. Ma antwoord toe: Starve. Love, Mom.

Hy is toe nie dood van die honger nie. Hy het sy vinger uit sy jis getrek en begin werk en later in eie reg 'n multimiljoenêr geword. Het Ma hom 'n guns gedoen? Beslis, ja. Sou sy hom 'n guns gedoen het deur maar net weer geld aan te stuur? Ek meen nee. Dis nie hoe jy jou kind help nie. Dis nie hoe jy jouself help nie.

Die belangrike punt vandag is, ja, kinders is 'n finansiële risiko, want kinders kos geld om te versorg en op te voed, maar daar is produkoplossings vir hierdie risiko's. Waarvoor jy moet oppas, is dat jou kind 'n risiko raak vir jou aftredevoorsiening. As jy nie genoeg geld het om van te leef nie, wie gaan na jou kyk?

Dissipline en verantwoordelikheid het soms 'n finansiële gevolg. Goed of sleg.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.